**MUSTRADE NINETEEN (PTY) LTD T/A MUSTBUILD**

REG NO: 1998/009624/07

SANDKRAAL ROAD
PO BOX 3353
GEORGE INDUSTRIA
6536

TEL: 044 - 8758878
FAX: 044 - 8758891

## AANSOEKVORM VIR KREDIETFASILITEIT (KONFIDENSIEëL)

LET WEL:

(a) Hierdie vorm moet deur die Kliënt in drukskrif en met swart ink voltooi word.

(b) Elke bladsy moet deur Kliënt en twee getuies geparafeer word en volledige handtekeninge aanbring, waar verlang.

(c) Elke vraag moet beantwoord word of aangedui word as n.v.t. ("nie toepasbaar").

(d) Hierdie aansoekvorm moet deur elke Kliënt wat met die Krediteur wil handel dryf, voltooi word.

(e) Die inligting hierna uiteengesit, verteenwoordig die volle inligting van die Kliënt wat met die Krediteur handel dryf.

(f) Die Kliënt, deur ondertekening van hierdie aansoekvorm, bevestig dat die inhoud korrek is sal Mustrade Nineteen (Edms)Bpk H/A Mustbuild skriftelik in kennis stel van veranderings binne 7 dae.

**(g) Mustrade Nineteen (Edms) Bpk H/A Mustbuild maak geensins voorsiening vir 60 dae rekeninge nie.**

## A) REKENAARBESONDERHEDE BENODIG VANAF AANSOEKER:

Geregistreerde naam van Besigheid ______________________________

Handelsnaam ______________________________

Posadres ______________________________ Kode __________

Fisiese adres ______________________________ Kode __________

Telefoonnommer ____________________ Faksnommer ____________________

Selfoonnommer ____________________ e-pos adres ____________________

Bankier ____________________ Bankier Tak ____________________

Bank rekening no ____________________ Taalvoorkeur ____________________

Datum waarop bankrekening geopen is ______________________________

Rekeningperk verlang (Bedrag van totale blootstelling) R ____________________

Mustbuild verkoopspersoon verkies ______________________________

Spesiale instruksies aan Mustbuild ______________________________

Kontakpersoon en Tel No vir betaling van rekening ______________________________

METODE VAN BETALING: (BV TJEK, DIREKTE DEPOSITO, ELEKTRONIESE OORDRAG)

Faks asseblief die bewys van betaling aan Mustbuild ____________________

DAG: (NA DATUM VAN STAAT) WANNEER BETALING DEUR MUSTBUILD VERWAG KAN WORD. ____________________

Hierdie inligting is noodsaaklik, aangesien alle nie-betalings opvolg moet word.

## B) ONDERNEMINGSBESONDERHEDE - ALGEMEEN:

Ondernemingsvorm: (Maatskappy/Vennootskap/Alleen/BK/Trust) ____________

Aanvangsdatum van besigheid / Datum oorgeneem of gekoop ____________

Registrasie No ____________ BTW Reg No ____________

Adres van eiendom in besigheid se naam ____________

**OF** Verhuurder naam ____________ Vehuurder telefoon ____________

Merk asseblief met 'n kruisie waar van toepassing is op u onderneming:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Waarborge t.g.v. ander | JA | NEE |
| 2 Sekuriteite t.g.v. ander | JA | NEE |
| 3 Sessies t.g.v. ander | JA | NEE |
| 4 Notariële verbande | JA | NEE |
| 5 Vonnis teen Onderneming | JA | NEE |
| 6 Was/Is in Likwidasie | JA | NEE |
| 7 Was/Is Gesekwestreer | JA | NEE |
| 8 Was/Is Geadministreer | JA | NEE |

Geregistreerde adres van hoofkantoor ____________

Tel No hoofkantoor ____________ Kontakpersoon ____________

Boekhouer se naam ____________

Boekhouer Tel No ____________ Kontakpersoon ____________

Beherende Maatskappy ____________

Name, Adresse en Tel No. van Verwante Maatskappye

1 ____________

2 ____________

## C) HANDELSVERWYSIGINGS

1 Naam ____________ Tel No ____________
Kredietlimiet & -perk ____________ Kontakpersoon ____________

2 Naam ____________ Tel No ____________
Kredietlimiet & -perk ____________ Kontakpersoon ____________

3 Naam ____________ Tel No ____________
Kredietlimiet & -perk ____________ Kontakpersoon ____________

Die aansoeker gee hiermee toestemming aan Mustrade Nineteen (Edms)Bpk H/A Mustbuild om navrae te doen by alle verwysings voorsien in hierdie aansoek en by enige Kredietburo, met die doel om hierdie aansoek te oorweeg vir 'n kredietfasiliteit. Die aansoeker verleen toestemming aan die Kredietbronne om aan Mustrade Nineteen (Edms) Bpk H/A Mustbuild, die inligting soos aangevra, te voorsien en aanvaar dat Mustbuild die reg voorbehou om die kredietwaardigheid van die kliënt te beoordeel volgens interne standaarde en dat dit die uitsluitlike reg van Mustbuild is om 'n kredietfasiliteit, volgens goeddunke, toe te staan of nie. Ek, die ondergetekende waarborg deur my handtekening dat ek volmag het om namens die aansoeker hierdie dokument te teken en aanvaar en verbind myself hiermee aan en tot voordeel van Mustrade Nineteen (Edms)Bpk H/A Mustbuild as borg en mede-hoofskuldenaar, gesamentlik en afsonderlik vir die totale uitstaande bedrag en sertifiseer dat alle inligting in hierdie Aansoekvorm korrek is.

## Besonderhede Eienaar/Aandeelhouers/Direkteure/Vennote/Lede/Trustees

1 Volle naam ______________________ Besonderhede van eiendom in u naam
ID No ______________________ 1 ______________________
Huisadres ______________________
______________________
Tel No (H) ______________________ 2 ______________________
Selfoon No ______________________
Aanstellingsdatum ______________________
% Aandeelhouding ______________________ 3 ______________________
Getroud | binne g | buite g | (Dui asseblief aan met kruis)
Dui asseblief aan met kruisie waar op u van toepassing: Vonnis/Likwidasie/Sekwestrasie/Administrasie/Geen

2 Volle naam ______________________ Besonderhede van eiendom in u naam
ID No ______________________ 1 ______________________
Huisadres ______________________
______________________
Tel No (H) ______________________ 2 ______________________
Selfoon No ______________________
Aanstellingsdatum ______________________
% Aandeelhouding ______________________ 3 ______________________
Getroud | binne g | buite g | (Dui asseblief aan met kruis)
Dui asseblief aan met kruisie waar op u van toepassing: Vonnis/Likwidasie/Sekwestrasie/Administrasie/Geen

3 Volle naam ______________________ Besonderhede van eiendom in u naam
ID No ______________________ 1 ______________________
Huisadres ______________________
______________________
Tel No (H) ______________________ 2 ______________________
Selfoon No ______________________
Aanstellingsdatum ______________________
% Aandeelhouding ______________________ 3 ______________________
Getroud | binne g | buite g | (Dui asseblief aan met kruis)
Dui asseblief aan met kruisie waar op u van toepassing: Vonnis/Likwidasie/Sekwestrasie/Administrasie/Geen

GETEKEN TE ______________ HIERDIE _____ DAG VAN ______________ 20____

GETUIES (Volle naam en handtekening)

1 ______________________

2 ______________________

AANSOEKER

______________________
(NAAM IN DRUKSKRIF)

______________________
(GEMAGTIGDE HANDTEKENING KLIENT)

# MUSTRADE NINETEEN (EDMS)BPK H/A **MUSTBUILD**
# STANDAARDTERME EN VOORWAARDES VAN VERKOPE

MUSTRADE NINETEEN (EDMS)BPK H/A MUSTBUILD (Hierna verwys na, kollektiewe en individuele, as "DIE KREDITEUR")
DIE APPLIKANT/AANSOEKER (Hierna verwys na, kollektiewe en individuele, as "DIE KLIENT")

## 1 DIE KLIENT
Waarborg dat die informasie uiteengesit in die Aansoekvorm vir Kredietfasiliteit korrek is en verteenwoordig tesame met hierdie dokument die totale ooreenkoms tussen die Aansoeker en Mustrade Nineteen (Edms)Bpk H/A Mustbuild en vervang alle vorige terme en voorwaardes van verkope, sonder benadeling van enige sekuriteite en waarborge wat deur DIE KREDITEUR gehou word.

## 2 BETALING
Aanvaar dat terme streng 30 dae vanaf datum van staat is. In geval van Gerieflikheids- of Projekrekeninge, sal die datum van betaling wees die datum waarop ooreengekom met die toestaan van krediet. Alle bedrae betaalbaar deur DIE KLIENT aan DIE KREDITEUR,sal in Suid-Afrikaanse geldeenheid, uitsluitend kredietkaart by die domicillium adres, gedoen word.

## 3 OPROEP VAN FASILITEIT
Neem kennis dat indien 'n kredietfasiliteit toegestaan word as gevolg van hierdie aansoek, dieselfde fasiliteit onttrek mag word deur DIE KREDITEUR, ter enige tyd en sonder voorafgaande kennisgewing. DIE KREDITEUR behou die reg voor om ter enige tyd en sonder kennisgewing, DIE KLIENT se rekening op te roep, of om aflewerings te staak, of om enige afslagstrukture te verander.

## 4 REGSSTAPPE
Verleen toestemming dat indien dit ter enige tyd noodsaaklik word vir DIE KREDITEUR om 'n saak aanhandig te maak teen DIE KLIENT in n geregshof, die totale bedrag uitstaande op DIE KLIENT se rekening onmiddellik betaalbaar is, nieteenstaande die feit dat 'n gedeelte van die bedrag nog nie betaalbaar mag wees volgens die terme van betaling ooreengekom, volgens goeddunke van DIE KREDITEUR.

## 5 JURISDIKSIE
DIE KLIENT gee toestemming tot die jurisdiksie van die Magistraatshof, kragtens Seksie 45 van die Magistraatshof Akte van 1944 of bepaling, vir enige eis wat DIE KREDITEUR ter enige tyd mag hê teen DIE KLIENT, wat mag ontstaan het vanuit die verskaffing van voorraad of vir enige ander rede en wat dan andersins buite die jurisdiksie van bogenoemde Hof val, kragtens die bedrag wat geëis word, in terme van Seksie 28 van bogenoemde Akte, volgens goeddunke van DIE KREDITEUR. Indien DIE KREDITEUR verkies om die verrigtinge in die Hooggeregshof in te stel, gee die partye toestemming tot die jurisdiksie van die KAAPSE PROVINSIALE AFDELING.

## 6 KOSTES
DIE KLIENT stem toe dat indien enige eis teen DIE KLIENT oorhandig word aan DIE KREDITEUR se Prokureur vir invordering, DIE KLIENT verantwoordelik sal wees alle invorderingskostes om sodanige bedrag te verhaal. Dit sal insluit alle invorderingsfooie, uitgawes en kostes tussen die Prokureur en DIE KLIENT, asook enige bedrae wat deur die Prokureur aan DIE KREDITEUR gehef word vir invordering van die eis teen DIE KLIENT. Die regskostes en enige bykomende uitgawes tot die EIS of indien 'n AFBETALINGSOOREENKOMS bereik word, soos voorbereiding, raming, ondertekening en implementering sal ook DIE KLIENT se verantwoordelikheid wees.

## 7 RENTE
Stem toe dat, indien enige bedrag wat deur DIE KLIENT verskuldig is, agterstallig raak, (Verwys klousule 2 hierbo, rente maandeliks gehef sal word en deur DIE KLIENT betaal moet word, teen prima rentekoers van DIE KREDITEUR SE BANK, wat van tyd tot tyd gehef sal word + 2%, maandeliks gekapitaliseer tot ten volle betaald.

## 8 BEWYS VAN AFLEWERING
Stem toe dat 'n handtekening op DIE KREDITEUR se amptelike Afleweringsnota, Belastingfaktuur, Vragbewys van die afleweringsnota of enige ander dokument of enige dokument van 'n gemagtigde onafhanklike koerier, as prima facie bewys dien as bewys van aflewering van goedere gekoop en ontvang deur DIE KLIENT.

## 9 EIENAARSKAP VAN GOEDERE
Stem toe dat eienaarskap van goedere verkoop aan DIE KLIENT deur DIE KREDITEUR, bly by DIE KREDITEUR totdat volle betaling ontvang is van DIE KLIENT of sy Verteenwoordiger, aan DIE KREDITEUR by die domicillium adres gemeld in die Aansoek vir Kredietfasiliteit.

## 10 VERSEKERING
Stem toe dat alle goedere in besit en onder beheer van DIE KLIENT verseker word deur DIE KLIENT vir die volle bedrag van die goedere.

## 11 KWYTSKELDING VAN REGTE
Stem toe dat enige toegewings wat deur DIE KREDITEUR toegestaan of gemaak word aan DIE KLIENT, spesifiek met verwysing tot hierdie ooreenkoms, nie sal bydra tot kwytskelding van enige regte wat DIE KREDITEUR andersins mag hê teen DIE KLIENT.

## 12 DOMICILLIUM
Die partye bevestig hiermee dat vir alle doeleindes, hulle domicillium citandi et executandi (adres geag die hoof adres te wees van die kliënt waar alle dokumentasie en regsprosesstukke versend kan word) is, vir die onderneming, die adres genoem op bladsy 1en persoonlik, die adres genoem op bladsy 3 van die Aansoekvorm vir Kredietfasiliteit. Dit word aanvaar dat enige kennisgewing of dokumente gelewer of gepos na sodanige adres(se), ontvang is deur DIE KLIENT binne 7 (sewe) dae nadat dit gepos is, wat ookal die geval mag wees. 'n Voorneme om DIE KLIENT aan 'n Prokureur te oorhandig, sal per geregistreerde pos of per hand gedoen word.

## 13 SESSIE/OORDRAG VAN REGTE
DIE KLIENT onderneem, deur ondertekening van hierdie dokument, om oordrag te doen van sy debiteure, in die geval van enige eise wat mag ontstaan as gevolg van bedrae verskuldig aan DIE KREDITEUR. DIE KLIENT onderneem om alle nodige stappe te doen om DIE KREDITEUR in staat te stel om alle bedrae van DIE KLIENT se debiteure te vorder. Debiteure van DIE KLIENT sluit in alle bedrae wat reeds aan DIE KLIENT verskuldig is, maar nog nie betaal is nie of bedrae wat nog in die toekoms aan DIE KLIENT verskuldig mag word.

## 14 VERANDERING IN ONDERNENINGSVORM
DIE KLIENT onderneem en stem toe dat indien 'n Geslote Korporasie/Maatskappy verkoop word of enige veranderinge in die samestelling van die lede of direkteure van 'n Geslote Korporasie/Maatskappy plaasvind, dit DIE KLIENT se plig is om sulke veranderinge aan die lig te bring en skriftelike kennisgewing aan DIE KREDITEUR te gee binne 7 (sewe) dae na verkope of plaasvinding van enige veranderinge. DIE KLIENT onderneem verder dat indien DIE KLIENT versuim om DIE KREDITEUR in kennis te stel van die verkoop van die onder-

neming of enige verandering in die Geslote Korporasie of Maatskappy, DIE KLIENT, ten spyte van die verkope of veranderinge in die konstitusie, verantwoordelik gehou sal word en wetlik verplig sal wees vir alle goedere bestel, verkoop en gelewer in die naam van DIE KLIENT en dat DIE KREDITEUR kan voortgaan met stappe teen die applikant wat die Kredietaansoek onderteken het en die borg(e).

## 15 REKENINGSTAAT/FAKTUUR

Neem kennis en stem toe dat enige of alle betalings gemaak deur DIE KLIENT aan DIE KREDITEUR, gerig sal word aan DIE KREDITEUR by die adres soos aangedui op DIE KREDITEUR se maandelikse REKENINGSTAAT/FAKTUUR. Dit is DIE KLIENT se plig om alle betalings betyds te maak en om te verseker dat sodanige betalings deur DIE KREDITEUR ontvang is en DIE KLIENT sal geen rede hê om betalings, wat verskuldig is aan DIE KREDITEUR, te weerhou nie. In die geval van direkte bankdeposito's of Internet oordragte, sal DIE KLIENT die bewys van betaling aan DIE KREDITEUR faks by die nommer op bladsy 1 van die Aansoekvorm vir Kredietfasiliteit.

## 16 TERUGSENDING VAN GOEDERE

Stem toe dat goedere korrek voorsien, slegs deur DIE KREDITEUR terugontvang sal word met 'n geskrewe toestemming en onderhewig is aan 'n 10% hanteringsfooi. DIE KLIENT is verantwoordelik vir alle afleweringskostes en terugsendingskostes na die Voorsiener. Terugsending moet vergesel word van 'n kopie van die oorspronklike dokument sowel as 'n rede vir die terugsending moet gemeld word.

## 17 ALGEHELE OOREENKOMS

Die partye bevestig dat onderhewig aan die Borgskap hieronder, hierdie ooreenkoms alle terme en voorwaardes aangaande die aansoek en ooreenkoms, vorm. DIE KLIENT waarborg die verstaanbaarheid van al die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

## 18 BORGAKTE

18.1 Die ondergetekende bind hom/haarself in sy/haar persoonlike hoedanigheid as Direkteur (Maatskappy), Lid (Beslote Korporasie), Trustee (Trust), of Eienaar of Vennoot as borg en mede-hoofskuldenaar, gesamentlik en afsonderlik vir die totale bedrag verskuldig aan Mustrade Nineteen (Edms) Bpk h/a Mustbuild en stem toe dat hierdie ooreenkoms mutates mutandis op hom/haar van toepassing.

18.2 In die geval waar DIE KLIENT 'n Vennootskap, Beslote Korporasie, Trust of Maatskappy is, sal die ondergetekende, die persone genoem as vennote, lede, trustees of aandeelhouers inlig om individueël afsonderlike borgaktes te onderteken en dat hy/sy deur sy/haar aanvaarding van die Standaard Terme en Verkoopsvoorwaardes hulle bind as borge en mede-hoofskuldenaars in solidum aan DIE KREDITEUR vir die verpligtinge van DIE KLIENT.

## 19 VOORSIENING VAN INLIGTING

DIE KLIENT, sal op versoek, die volgende inligting aan DIE KREDITEUR beskikbaar stel;

19.1 DIE KLIENT se jaarlikse finansiële state of enige ander state of inligting, indien wanbetaling plaasvind (Verwys 20)

19.2 Enige ander rekening of inligting wat verband hou met DIE KLIENT se borgskap of finansiële posisie, aangevra deur DIE KREDITEUR Sou daar agteruitgang in DIE KLIENT of borg(e) se finansiële posisie ontstaan of in dokumente of inligting gegee onder hierdie klousule, of van bank of kredietrekords van DIE KLIENT of borg(e), of andersins, mag DIE KREDITEUR skriftelik by DIE KLIENT addisionele sekuriteite of borge aanvra en dit moet binne 14 (veertien) dae, na skriftelike versoek van DIE KREDITEUR, verskaf word.

## 20 WANBETALING

Wanbetaling vind onder die volgende omstandighede plaas:

20.1 DIE KLIENT versuim om die uitstaande bedrag te betaal op die betaaldatum

20.2 DIE KLIENT verbreek enige gedeelte van hierdie ooreenkoms en versuim om die gebrek binne tien dae na geskrewe kennisgewing te herstel. Die finale kennisgewing sal per geregistreerde pos geskied of per hand afgelewer word.

20.3 DIE KLIENT verbreek 'n tweede keer dieselfde ooreenkoms, binne 12 maande nadat die eerste gebrek herstel is.

20.4 DIE KLIENT neem stappe om homself, of word in likwidasie geplaas, hetsy uit eie vrye wil of gedwonge, of as gevolg van geregtelike bestuur, watter geval ook al, voorlopig of ten laaste

20.5 DIE KLIENT neem stappe om homself te deregistreer of is reeds gederegistreer

20.6 Die borg(e) neem stappe om sy/hulle sekuriteite te vervreem of in sekwestrasie te plaas

20.7 DIE KLIENT of Borg(e) faal om te voldoen aan vonnis teen DIE KLIENT of Borg(e), binne 10 dae nadat DIE KLIENT of Borg(e) bewus word van die vonnis, behalwe as DIE KLIENT of Borg(e) genoegsame bewyse kan lewer op 'n aaneenlopende basis en tot satisfaksie van DIE KREDITEUR, dat stappe binne 10 (tien) dae vanaf datum van vonnis of eksekusie, onderneem is om te appelleer, vonnis te hersien of uitstel van eksekusie te verkry en dat sulke stappe spoedig moontlik gedoen word en volgens goeddunke van KREDITEUR.

## 21 GEVOLGE VAN VERSUIM/WANBETALING

In die geval van wanbetaling mag DIE KREDITEUR;

21.1 Handel soos uiteengesit in paragraaf 4 hierbo

21.2 Skade soos deur DIE KREDITEUR gely is, invorder

## 22 WYSIGINGS, KANSELLASIES EN KWYTSKELDING

Geen kontrak, wysigings, byvoegings, weglatings of kansellasie van hierdie ooreenkoms, en geen kwytskelding van enige regte van DIE KREDITEUR volgends hierdie ooreenkoms, sal effektief wees sonder 'n geskrewe dokument onderteken deur alle partye.

## 23 KLOUSULES

23.1 Daar is ooreengekom dat elke paragraaf, klousule en sub-klousule in hierdie ooreenkoms afsonderlik is, die een van die ander.

23.2 Indien by enige paragraaf, klousule en sub-klousule, fout gevind word of onuitvoerbaar gevind word vir enige rede deur enige bevoegde hof, die oorblywende paragrawe, klousules en sub-klousules steeds geldig en afdwingbaar sal wees .

GETEKEN TE ______________________________ OP HIERDIE ________ DAG VAN ________________ 20____

| **GETUIES: (Volle name en handtekeninge)** | **APPLIKANT:** |
|---|---|
| 1 ______________________________ | NAAM VAN APPLIKANT IN DRUKSKRIF |
| 2 | GEMAGTIGDE HANDTEKENING VAN APPLIKANT |

**BORGAKTE AAN:**
**MUSTRADE NINETEEN (EDMS)BPK H/A MUSTBUILD**
REG NO: 1998/009624/07
(hierna verwys na, kollektiewe en individuele, as "Die Krediteur(e)")

**1 BORGSKAP**

Ek, die ondergetekende ______________________________

Identiteitsnommer, ______________________________ my domicillium citandi et executandi,

______________________________

verbind myself hiermee as borg en mede-hoofskuldenaar aan en tot voordeel van MUSTRADE NINETEEN (EDMS)BPK H/A MUSTBUILD (hierna verwys na, kollektiewe en individuele, as "Die Krediteur")

vir en namens (voltooi besonderhede van DIE KLIëNT) ______________________________
(hierna verwys na, kollektiewe en individuele, as "Die Kliënt(e)")
Ek verbind myself hiermee aan Die Krediteur as borg, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal vir die ander, as borg en mede-hoofskuldenaar in solidum met elk en alle ander borge, vir die betaling deur Die Kliënt van die aankoopprys en alle rentes en kostes, ongeag of sodanige bedrag reeds betaalbaar is vir goedere alreeds gekoop en gelewer en of in die toekoms betaalbaar sal word, sowel as vir addisionele goedere wat Die Krediteur, van tyd tot tyd sal verkoop en lewer aan Die Kliënt volgens sy/haar versoek en vir enige verskuldigde bedrae, maar slegs tot die maksimum bedrag van

R ______________________________ (Syfers en woorde)

**2 REG OM VERDERE VERKOPE TE WEIER**
Die Krediteur mag ter enige tyd en volgens sy goeddunke, sonder vooraf kennisgewing weier om enige verdere goedere of dienste aan Die Kliënt te verskaf of enige verdere krediet aan hom/haar toe te staan.

**3 VERLENGDE PERIODE**
Geen uitstel of verlenging van 'n periode vir betaling van enige bedrae verskuldig deur Die Kliënt aan Die Krediteur, vir goedere of dienste gelewer of kostes, ongeag of sodanige toegewing(s) voor of na betaaldatum gedoen is, deur Die Krediteur aan Die Kliënt, sal in enige omstandighede my van my borgskap, in terme van hierdie ooreenkoms, vrystel nie.

**4 ONVOORWAARDELIKE BORGSKAP**
Ek erken en aanvaar dat my borgskap, in terme van hierdie ooreenkoms, onvoorwaardelik is en nie onderhewig is aan my toestemming vir enige aankope wat by Die Krediteur gemaak word deur Die Kliënt.

**5 SESSIE VAN BOEKSKULDE**

5.1 As sekuriteit vir my verpligting as borg volgens hierdie ooreenkoms, sedeer ek en dra ek my regte en belange in en tot alle boekskulde en enige ander bedrae wat reeds verskuldig is of in die periode van my borgskap aan my verskuldig mag word vanaf enige bron, oor aan Die Krediteur.

5.2 Gedurende my periode van borgskap volgens hierdie ooreenkoms, gee ek Die Krediteur die reg om, ter enige tyd, insae in my rekeningkundige rekords te hê en afskrifte te maak indien skriftelik aangevra en slegs wanneer genoegsame gronde bestaan dat ek my posisie as borg van Die Kliënt verswak.

5.3 Indien die hoofskuldenaar in gebreke bly om sy/haar verpligtinge aan Die Krediteur na te kom, onderneem ek die lewering en oordrag aan Die Krediteur van dokumente, tjeks, ooreenkomste, aktes of ander sekuriteite wat deur hom aangevra mag word, en sal items endosseer, sedeer en oordra op sodanige wyse dat Die Krediteur die regmatige eienaar daarvan sal wees en in sy eie naam betaling van sodanige dokumente, tjeks, aktes, sekuriteite kan verkry.

5.4 Indien die hoofskuldenaar in gebreke bly om sy/haar verpligtinge aan Die Krediteur na te kom, sal Die Krediteur geregtig wees om kennis aan al my skuldenaars te gee om bedrae wat deur hulle aan my verskuldig is, direk aan Die Krediteur te vereffen en sal Die Krediteur 'n geldige kwitansie vir sodanige betalings aan my verskaf. Alle bedrae ontvang, sal deur Die Krediteur aangewend word vir die vermindering van die hoofskuldenaar se skulde.

**6 AFSTAND VAN REGTE**
Hiermee doen ek afstand van elke reg wat ek andersins sou gehad het tot voordeel van Die Krediteur en veral die beneficium ordinis seau excussionis en die beneficium divisionis, en ek bevestig dat ek ten volle vertroud is met die inhoud, mag en gevolge van genoemdes.

**GETEKEN TE______________ HIERDIE ____ DAG VAN ______________ 20 _____**

| **GETUIES:** (Volle naam & Handtekening) | **NAAM IN DRUKSKRIF** ______________ |
|---|---|
| 1 ______________________ | |
| 2 ______________________ | **BORG EN MEDE-HOOFSKULDENAAR HANDTEKENING** |